**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening No.: 342/2004

In die hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>MERVIN OLIPHANT</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **VAN COPPENHAGEN *et* WRIGHT, RR**

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** **WRIGHT, R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **4 MAART 2004**

---

In hierdie saak is die beskuldigde skuldig bevind aan gewone aanranding en gevonnis tot vier maande gevangenisstraf wat op gepaste voorwaardes opgeskort is.

Daarna het die landdros op Koffiefontein die volgende skrywe gerig:

> "Die notule van die hofverrigtinge in hierdie saak gaan hiermee aan u vir voorlegging aan 'n hersieningsregter.
>
> Die Verhoorlanddros het foutiewelik beskuldigde nommer 2 (Mervin Oliphant) skuldig bevind en gevonnis op 'n aanklag van aanranding. Die Verhoorlanddros het fouteer deur beskuldigde nommer 1 met beskuldigde 2

> te verwar tydens uitspraak.
>
> Klaer het nie gesien dat beskuldigde nommer 2 hom met 'n mes steek nie. Hy vermoed so maar daar was geen getuienis om sy vermoede te bevestig nie. By gebrek aan sodanige getuienis moes die verhoorhof beskuldigde nommer 2 ook onskuldig bevind en ontslaan het.
>
> Ek vra dus dat die fout op hersiening reggestel word."

Na deurlees van die oorkonde en met inagneming van alle omstandighede stem ek hiermee saam.

Bygevolg word die skuldigbevinding en vonnis tersyde gestel.

**G.F. WRIGHT, R**

**EK STEM SAAM**

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

/scd